C. AANVAARBARE GEBRUIKKODE (AGK) VAN ALLE IKT-HULPBRONNE

---

1. Inleiding
'n Opsomming van hierdie gedragkode moet deur leerders en hul ouers / voog onderteken word as ooreenkoms om aanvaarbare gedrag met die gebruik van die skool se rekenaarlokale en ander rekenaartoerusting te verseker. Leerders wat nie hierdie dokument onderteken nie, sal weerhou word van gebruik van die toerusting.

2. Doelstellings van die Khanya-projek
Die IKT-beleid van die skool en -gebruik in die skool is gebaseer op die Khanya visie, naamlik om opvoeders te bemagtig om tegnologie te gebruik om uitvoering aan die kurrikulum te gee.

3. Die IKT-Komitee
Alle aspekte van IKT-gebruik in die skool word bestuur deur die IKT-komittee.

4. Toesig
Leerders word slegs in die rekenaarsentrum toegelaat onder toesig van 'n opvoeder.

5. Rapportering

- Leerders moet dadelik alle foute aan die opvoeder aan diens rapporteer
- Opvoeders moet alle foute en/of probleme aan die LAN Administrateur rapporteer

6. Dissipline
'n Hoë standaard van dissipline moet te alle tye in die rekenaarsentrum heers. Leerders wat hulle skuldig maak aan wangedrag kan vir tydperke of selfs permanent uit die rekenaarsentrum geban word.

7. Opruiming
Dis die verantwoordelikheid van die opvoeder aan diens en sy/haar klas om die rekenaarlokaal netjies agter te laat aan die einde van 'n les.

8. Skade
Gebruikers wie skade aan toerusting veroorsaak sal verantwoordelik gehou word vir die herstel of vervanging van die betrokke toerusting.

9. Eet- en drinkgoed
Geen eet- of drinkgoed word in die rekenaarsentrum toegelaat nie.

10. Sekuriteit
Wagwoorde moet veilig en geheim gehou word.

11. Sagteware

- Geen persoon mag enige sagteware installeer sonder die toestemming van die LAN Administrateur nie.
- Die opvoeder aan diens moet hom-/haarself daarvan vergewis dat slegs "veilige" eksterne datadrywers (*memory sticks*) gebruik word.
- Die besit van onwelvoeglike materiaal sal lei tot dissiplinêre stappe en kan lei tot uitsluiting van die rekenaarsentrum.

12. Drukwerk
Drukwerk deur leerders mag slegs onder toesig van die opvoeder aan diens gedoen word.

13. E-pos

- Kru taalgebruik in e-pos boodskappe is ontoelaatbaar.
- Die LAN Administrateur behou die reg voor op e-pos boodskappe te monitor.
- Gebruikers moet hul eie e-pos adresse gebruik.

14. Internet

- Die Internet mag net vir opvoedkundige doeleindes gebruik word.
- Gebruikers moet kopiereg respekteer en nie plagiaat pleeg nie.
- Geen ongemagtigde gebruik word toegelaat nie.
- Aflaai van enige materiaal of programme mag slegs met die toestemming van ‘n IKT-komitteelid gedoen word.

15. Toegang en ander gebruike van die rekenaarsentrum

Die skool behou die reg voor om opleidingsprogramme soos Rekenaargetterdheid en ABET-programme in die rekenaarsentrum aan te bied, onder die volgende voorwaardes:

- Dat enige sodanige program nie inbreuk maak op of ‘n negatiewe invloed het op die skool se IKT-missie en Khanya aktiwiteite nie.
- Dat die rekenaarsentrum beskikbaar sal wees tot die gemeenskap, onder toesig van die IKT-komittee, tot voordeel van die skool, hetsy finansieël of andersins.